# Christendom



- Christendom is ’n **monoteïstiese** godsdiens wat fokus op die lewe en leerstellings van Jesus Christus. Christene glo dat Jesus die Seun van God en die Verlosser van die mensdom is.
- Die wette kom uit:
- Die Tien Gebooie en die leerstellings van Jesus Christus wat in die Bybel gevind word.
- Kernoortuigings sluit die volgende in: die geloof in die Drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees), die kruisiging en opstanding van Jesus, verlossing deur geloof en die belofte van die Ewige Lewe.
- Die wette lei mense om…
- liefde en vergifnis toe te pas en om ‘n morele lewenswyse te handhaaf, asook om jou vyand lief te hê en dié te seën wat jou vervolg.
- **Belangrike vertakkings sluit in Rooms-Katolisisme, Oosterse Ortodoksie en Protestantisme. Elkeen het verskillende gebruike en teologiese beklemtonings.**



# Islam



- Islam is ’n **monoteïstiese Abrahamitiese** geloof wat sedert die 7de eeu n.C. in Mekka, deur die profeet Mohammed, versprei is. Sy volgelinge, wat as Moslems bekendstaan, glo in een God (Allah). Die betekenis van die woord "Islam" is ook deel van die etiese leringe: "vrede" of die weg na vrede.

- Die wette kom uit:
- Hul heilige boek, die Koran, wat beskou word as die direkte woorde van God. Islam beklemtoon die vyf pilare: *Sjahada* (geloofsbelydenis), *Salaat* (gebed), *Zakat* (liefdadigheid), *Saum* (vas tydens Ramadan), en *Hadj* (die pelgrimstog na Mekka).

- Die wette lei mense om…
- hulle aan God se wil te onderwerp.
- volgens morele en etiese beginsels te leef, soos om geduldig teenoor ander te wees, mekaar te vergewe en gemeenskapsamehorigheid te bevorder.
- sekere kosse (Halaal) te eet en ander te vermy.

- **Islam het uiteenlopende tradisies en sektes, onder andere die Soenniete ("Sunni") en Sjiïete ("Shi'a"), en het 'n beduidende wêreldwye invloed met meer as 'n miljard volgeling.**



# Hindoeïsme



- Hindoeïsme is een van die oudste godsdienste ter wêreld en is afkomstig van die Indiese subkontinent. Hindoeïsme is **politeïsties**, met gode soos Brahma, Vishnu en Shiva wat belangrike rolle speel. Dit omvat 'n uiteenlopende reeks oortuigings, praktyke en rituele.

- The sentrale wette kom uit:
- Heilige tekste soos die Vedas, Upanishads, Bhagavad Gita en Ramayana, wat sy volgelinge lei.

- Die wette lei mense om …
- hulle aan sekere beginsels te onderwerp, byvoorbeeld, "dharma“ (plig/etiek), "karma" (alles wat jy doen, kom weer terug na jou toe) en "moksha" (redding wat die siklus van hergeboortes verbreek).
- hulself te verlos van self-gesentreerdheid, wreedheid and hebsug.

- **Anders as baie godsdienste, het Hindoeïsme geen enkele stigter nie en word gekenmerk deur buigsaamheid en diversiteit in praktyk en geloof.**



# Judaïsme




- Judaïsme is 'n **monoteïstiese** godsdiens wat in een God glo. Dit behels ’n stel reëls en praktyke wat elke aspek van Jode se lewens beïnvloed.

- Die wette kom uit:
- Die **Torah**, wat die eerste vyf boeke van die Hebreeuse Bybel insluit.
- Die **Talmud**-versameling wat die Torah interpreteer.
- **Gebruike** wat om godsdienstige redes onstaan het en steeds voortduur.

- Die wette gee Jode leiding ten opsigte van…
- besigheidsbestuursmetodes.
- gepaste kleredrag.
- die handhawing van reinheid.
- huwelike – om met iemand van ‘n ander geloof te trou word afgeraai.



# Bahá'í



- Die Bahá'í-geloof is 'n **monoteïstiese godsdiens** wat in die 19de eeu deur Bahá'u'lláh in Persië gestig is. Bahaïsme beklemtoon die geestelike eenheid van die mensdom as geheel.

- Sentrale beginsels sluit die volgende in:
- Die eenheid van die mensdom, die gelykheid van mans en vroue, die uitskakeling van vooroordeel en die harmonie tussen wetenskap en godsdiens.

- Die wette leer mense…
- dat God Hom deur goddelike boodskappers (onder andere Abraham, Moses, Boeddha, Jesus, Mohammed en Bahá'u'lláh) aan die mens openbaar het, en elk bygedra het tot spesifieke leerstellings, wat relevant was vir daardie spesifieke tydstip.
- om bevooroordeelheid en ongeregtigheid uit te skakel en verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste te beoefen.
- **Bahá'ís volg 'n kalender van 19 maande, elk met 19 dae, en neem deel aan gemeenskapsbou en gemeenskapsdiens en bevorder wêreldwye vrede en geregtigheid.**



# Boeddhisme



- Boeddhisme is 'n geestelike tradisie wat deur Siddhartha Gautama (die Boeddha) in antieke Indië gestig is.

- Die wette leer:
- Die Vier Edele Waarhede wat verduidelik dat die lewe 'n stryd is, maar dat die stryd oorkom kan word deur die Heilige Agtvoudige Pad te volg.

- Belangrike idees sluit in: "Karma" (alles wat jy doen, kom weer terug na jou toe), wedergeboorte en "nirvana" ('n toestand van perfekte geluk en vrede).

- Die religie bevorder…
- 'n etiese lewe, meditasie en wysheid. Daardeur ontwikkel sy volgeling deernis en begrip wat daarop gemik is om lyding te beëindig en geestelike vryheid te bereik.
- die oortuiging dat jy self jou geluk skep, aangesien ware geluk van binne kom.



# Tradisionele Afrika-Godsdiens



- Tradisionele Afrika-Godsdiens is die inheemse, geestelike praktyke van Afrika-gemeenskappe wat deur generasies oorgedra word.
- Hierdie godsdienste verskil baie van mekaar, maar het dikwels die ooreenkomste: Aanbidding van 'n hoër skepper, respek vir voorvaders en geloof in geeste wat aan die natuur gekoppel word.
- Sleutelelemente van die godsdiens is rituele, musiek, dans en gemeenskapseremonies.
- TAG beklemtoon 'n sterk band met die natuur, gemeenskap en die balans tussen alle lewende wesens.
- Dit fokus ook op holistiese genesing, wat fisiese, geestelike  asook sosiale gesondheid aanspreek.

